# 22 Januarie 2024 - Lesing 220 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Kringloop. Beëindiging van 'n Verlossingsperiode – 19/9/61

**NO: 7996** Die sirkel is voltooi. ‘n Verlossingsperiode wat 'n lang tyd gelede begin het en wat ‘n heel belangrike verlossingsperiode genoem kan word, loop ten einde, want Ek Self het in hierdie periode na die aarde neergedaal om vir al die gevalle geestelike die Verlossingsdaad te volbring. En ná hierdie Verlossingsdaad **kon die eerste gevalle geeste terugkeer**, hulle wat My nou erken en wat ewig by My wil bly, omdat hulle hulself vrywillig omvorm het tot liefde.

**Maar nou sal 'n nuwe verlossingsperiode begin**, en hierdie noodsaak die **ontbinding** van al die materiële skeppings **in, op en bo die aarde** en benodig 'n **totale omvorming van die aardoppervlak.** En al die geestelike sal dan weer hul korrekte plek moet inneem **na gelang van hulle graad van rypheid** en dit tot verdere ontwikkel bring. En daar sal ook **‘n nuwe mensegeslag** wees, voortkomend uit die mense wat My getrou gebly het, die wat die laaste geloofstryd op hierdie aarde deurstaan het en sodoende die laaste groot geloofsproef afgelê het.

**Hierdie mense sal die stam vorm van die nuwe geslag (genelyn in Grieks) wat die nuwe aarde sal bewoon,** terwyl alles wat My nog heeltemal weerspannig is, gekluister sal word in die vaste materie en sal hul ontwikkeling omhoog opnuut begin.

Dan het 'n aardse periode voltooi, dws. dat daar weer ‘n kringloop haar hoogtepunt bereik het, sodat vele siele **die uiterlike vorm kon verlaat en vir goed na die geestelike ryk terugkeer**. Dat hulle dus die algehele verlossing bereik het deur JaHshua Messias en hulle nou in die geestelike hul lewensdoel kan vervul.

Dat hulle nou kan skep en werk volgens My Wil wat ewenwel ook hulle wil is, en dat hulle **steeds verder omhoog sal styg** omdat daar in die ligryk geen grense gestel word nie en al My kinders vir ewig op My sal afstuur. Want dit verhoog hulle saligheid om steeds die vervulling van hulle liefde te ondervind en tog nooit te verswak in hulle verlange na My Liefde nie.

En net so gaan ook die proses van die terugvoer van die **geestelike op aarde** verder. Want eindeloos lang tye en tallose ontwikkelingsperiodes moet nog verbygaan, voordat al die geestelike verlos is. Ek sê dit vir julle, My dienaars op aarde, omdat Ek maar weinig mense kan inwy in My heilsplan, want maar weinig verstaan My besture en werke om die gevalle geestelike terug te lei na saligheid.

Die verbindings van die aarde tot My word al seldsamer gevestig, 'n lewende geloof in My word al seldsamer gevind, **wat die voorwaarde is om hierdie kennis aan mense te laat toekom**.

Maar waar dit egter moontlik is, sal Ek voortdurend mense beïnvloed deur die mond van diegene wat hulleself vir My vir dienende werksaamhede aanbied. Hulle vind weliswaar min geloof by hul medemens, maar **desondanks openbaar Ek My Verlossingsplan deur My boodskappers aan alle mense wat My openbarings wil aanneem.**

Ek laat hulle weet dat daar weer ‘n verlossingsperiode ten einde loop en ‘n nuwe een begin. Dit sal 'n buitengewoon smartlike gebeurtenis wees vir diegene wat nie glo nie, wat hulself heeltemal oorgegee het aan My teenstander, wat in hierdie periode hul verlossing nie gevind het nie en **wat daarom die eindelose weg van ontwikkeling nogeens moet gaan**. Ek sou hulle graag almal hierteen wou beskerm. Ek sou hulle graag terug wou voer en hulle binnelei in die hemelse geluksaligheid, maar Ek kan My Liefde nie teen die wetlike ordening laat ingaan nie.

Die mense moet in die laaste stadium van hul ontwikkeling weer **binnegaan in die ewige ordening**, anders kan Ek hulle nie opneem in My ryk wat hulle eens vrywillig verlaat het nie.

Hierdie ontwikkelingsperiode waarin **Ek Self in die Mens JaHshua** oor die aarde gewandel het, was buitengewoon seënryk gewees. En sodoende kon alle mense hulleself vrymaak van My teenstande omdat hulle maar net die **genade van My Verlossingswerk** hoef te benut het, want My Verlossingswerk was volbring vir alle mense van die verlede, die hede en die toekoms.

En die kennis daaroor sal ook weer op die nuwe aarde na die mense gebring word deur My Gees, want My onmeetlike Liefde wil al die gevallene help om opwaarts te gaan. En sodra die mens homself deur My laat lei, sodra hy sy weerstand opgee en **Myself erken in JaHshua Messias,** het hy ook op die weg van terugkeer na My opgegaan waar die Mens JaHshua hom voorgegaan het.

Dan sal hy ook in die wet van die ewige ordening binnegaan en ook vir hom sal die weg oor die aarde eenmaal ten einde loop, hy sal vrykom van sy uiterlike gedaante en ingaan in die ryk van Lig en Saligheid. Amein.